

Jeugboeke kry nuwe raklewe

2010-09-05 21:04

Willem de Vries

Op die kortverhaalskrywer Hennie Aucamp se lys van jeugklassieke is tien boeke: Boaan die lys is Die Tweeling trek Saam van MER, gevolg deur Fanie se Veldskooldae van P.J. Schoeman en dan W.A. de Klerk se Die Vallei van die Rooi Gode. Op die lys is verder Frans Venter se Wit Oemfaan, Dolf van Niekerk se Skrik kom Huis toe, Salmaklak van Ben Venter, Chris Barnard se Boela van die Blouwater, Pieter Pieterse se Silwer, Jakkals van die Namib, P.H. Nortje se Die Wildedruif Val en Jan Rabie se Swart Ster oor die Karoo.

Kyk hy terug op sy lys, sê Aucamp, val dit hom op dat al die titels van 'n bodem-ingesteldheid getuig: "Land, see, geskiedenis, al dié dinge figureer in die boeke wat ek gekies het. En nóg 'n ding: al dié boeke het 'n sterk literêre inslag. Al die skrywers is vertellers met respek vir die woord, en bowenal die Boereidoom."

Die romansier André P. Brink sê jeugverhale wat hom altyd sal bybly, sou die volgende moet insluit: "In Afrikaans: Patrys-hulle (E.B. Grosskopf) en Jannie Sprinkaanbeentjies (J.J. Scheepers). Daar rondom: Antoine de Saint-Exupéry se Die Klein Prinsie (wat, soos die meeste gróót jeugboeke, nooit net aan 'jeug' gekoppel kan word nie), Mark Twain se Huckleberry Finn en Adventures of Tom Sawyer. Ek sou tog ook byvoeg Anne of Green Gables en Little Women. (Want die klassieke jeugboek praat ook oor grense van geslag met die lesers.)

"En Collodi se Pinocchio. Wat my bybly, is juis die tyd- en grensloosheid; die vasvat van 'n stuk geleefde menslikheid waarin die fokus op die jeug val, maar waarin 'n kern van menslikheid (vir en van alle leeftye) onder 'n vergrootglas of 'n brandglas vasgevang word. Sekerlik met humor – die lewe as skouspel, as avontuur, as iets wat tegelyk onverwags en oerbekend voorkom. Dikwels 'n spesifieke, individuele lewe – maar met 'n resonansie wat veel verder gaan."

Hy spreek twyfel uit of Afrikaans "werklik ver en diep genoeg kyk om dié kerne vas te vang".

"Saartjie Bouman en Keurboslaan, vrees ek, bly maar kyk na klein, be- en reeds verkende oppervlaktes, werk met geïkoneerde beelde en stereotipes, - bevestig die leser in haar of sy vertroude waardes en gebeurtenisse en daag haar/hom nie werklik uit om déúr oppervlaktes te kyk nie..."

Heel boaan die rymsmid Philip de Vos se lys van gunstelinge is die "sjarmante Moomin-reeks deur die Finse skrywer en illustreerder Tove Jansson".

"In die negentigerjare was daar 'n uitstekende Japannese animasie-reeks hiervan en later 'n verdere reeks met vilt-marionette. Jaarliks sedert 2006 is daar ook nou luukse uitgawes van die volledige Moomin-strokiesprente wat destyds in koerante gepubliseer is. So geliefd is hierdie karakters dat daar selfs 'n pretpark, Moomin-land, in Finland is.

"Annie M.G. Schmidt se versies het ek in 1984 in Amsterdam ontdek. So geliefd is dié skrywer dat 20 Mei sedert 1997 in Holland as Annie M.G. Schmidt-dag verklaar is en gedurende haar leeftyd is sy as die ware Koningin van Holland beskou.

"Pinocchio van Collodi het ek, danksy die Walt Disney-tekenprent ontdek en is 'n verhaal wat ek van tyd tot tyd herlees.

De Vos onthou sy eerste kennismaking met Alba Boucher se Abdoltjie.

"Ek het die boek, met sy fraai tekening van Katrine Harries, in die laat-vyftigs ontdek en haar (Boucher se) beskrywings van Kaapstad en ook dié van Johannes Meintjes in Complex Canvas het my laat besluit om eendag in Kaapstad te kom woon.

“Die heel eerste boek wat ek ooit in my lewe gekoop het, toe ek skaars nege jaar oud was, was Die Purper Iris en ander Nagelate Gedigte van A.G. Visser en die rede was omdat my st.22-onderwyseres my bewus gemaak het van Amakeia; van vet ou tant Siena wat straataf loop, en wat sou gebeur as 'n duisendpoot jou byt, en natuurlik die treurige verhaal van Racheltjie de Beer – die Sneeuwitjie van die Veld.

“Deesdae is my gunstelingversiemaker die Amerikaner Jack Prelutsky met boeke soos The New Kid on the Block, asook A Pizza the Size of the Sun.

“Ongelukkig het Afrikaanse kinderverse sedert die versamelbundels van D.J Opperman vir my persoonlik deesdae futloos, humorloos en verbeeldingloos geword...”

Op die kortverhaalskrywer Dana Snyman se lysie is Chris Barnard se twee Danda-boeke, Danda en Danda op Oudeur, en Fanie se Veldskooldae en Fanie word Grootwildjagter, albei deur P.J. Schoeman. “Al vier staan steeds op my rak. Dis boeke vol avontuur, maar, anders as met Harry Potter, is dit avontuur wat stewig in die werklikheid geanker is. 'n Mens kon regtig verdrink in die rivier waarop Danda en sy diere op 'n vlot gevaar het. Fanie kon rêrig deur 'n rêrige leeu opgevrete gewees het – geen towerspreuk sou hom kon red nie.

“Dis seker nie sleg as daar verbeelding en fantasie en karakters met toorkrag in jeugboeke is nie, maar vir my hoort dit meer in boeke vir die heel kleintjies. Danda en Fanie was my Harry Potter. Al vier die boeke, terloops, is deur Afrikaans-onderwysers vir ons in die klas voorgelees.

“Tjoepstil het ons daar in die klaskamer gesit en luister. Van die meisies het selfs begin huil: Gaan Danda sy pa vind? Lees onderwysers nog vir kinders stories in klaskamers voor. Mag hulle? Is dit uitkomsgebaseerd of nie?”

Heilna du Plooy, 'n digter en professor in Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-Universiteit op die Potchefstroom-kampus, vertel sy het as kind alles wat voorkom gelees: die Maasdorp- en Keurboslaanboeke, die Soekie-boeke, “en hoewel ek nie 'n aanhanger was nie, ook die Saartjie- en Trompie-boeke”. “Maar ek het ook Rooijan- en die Swart Luiperd-boeke gelees. As ek nou daarvoor terugdink, dink ek die boeke het lekker gelees omdat dit mooi stories bevat: Daar gebeur genoeg, kinders kon daarmee identifiseer, daar was genoeg idealisme en optimisme in dat dit 'n leser kon laat lekker voel.

“'n Ander eindelose bron van leesstof was die Skatkis-boeke en die verhale agter in die laaste deel van die Kinderensiklopedie. Dit was natuurlik nie Afrikaanse verhale nie, maar het 'n mens laat kennis maak met die mites en legendes van die klassieke en die Noorse godedom, asook klassieke verhale uit die wêreldletterkunde.

“As jy my vra wat die boeke waarvan ek gehou het gemeen het, dan dink ek voordat ek geweet het om te let op die subtiliteite van doelbewuste letterkundige werk, dit gewoon gaan om 'n goeie verhaal wat goed geskryf is.

“Lesers weet van baie jonk af of 'n boek goed geskryf is. Tans is skrywers vreeslik bewus daarvan dat hulle aktueel of relevant moet wees, en dit is goed, maar wat van die lieflike ontvlugting wat ook in 'n boek kan wees? Dit is tog een van die funksies van die literatuur om mense se wêreld groter te maak, oor ander plekke en ander mense te handel en verder ook om 'n mens te laat rus van die aandringende werklikheid deur te ont-snap na 'n fiksionele wêreld.”

- Die Burger

<http://www.dieburger.com/Vermaak/Nuus/Jeugboeke-kry-nuwe-raklewe-20100905>